Finansiële Oplossings vir Besigheidseienaars

Sanlam

SIEKTESERTIFIKATE DEUR TRADISIONELE GENESERS

Moet werkgewers siektesertifikate wat deur tradisionele genesers uitgereik is, aanvaar? Terwyl daar tans nog geen sodanige verpligting blyk te wees nie, sal dit na alle aanduidings binnekort 'n werklikheid word.

Met ingang van 1 Mei 2014 het sekere bepalings van die Wet op Tradisionele Gesondheidspraktisyns ("die WTG") in werking getree. Die belangrikste gevolg hiervan is die stigting van die Tussentydse Raad op Tradisionele Gesondheidspraktisyns van Suid-Afrika (die "Raad").

Met die eerste oogopslag lyk dit asof die deur nou oop is vir geregistreerde tradisionele genesers om siektesertifikate as bewys van onvermoë ingevolge Artikel 23(2) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes van 1997 uit te reik. (Ingevolge hierdie artikel sal 'n siektesertifikaat slegs geldig wees indien dit uitgereik en onderteken is deur 'n persoon wat gesertifiseer is om pasiënte te diagnoseer en te behandel en wat geregistreer is by 'n beroepsraad wat deur 'n Parlementswet daargestel is.) Dit blyk egter dat werkgewers op hierdie stadium nie onder enige verpligting staan om 'n siektesertifikaat deur enigeen wat voorgee om 'n tradisionele geneser te wees, te aanvaar nie. Die rede hiervoor is dat die WTG dit in die vooruitsig stel dat verskeie regulasies deur die Minister van Gesondheid in konsultasie met die Raad gemaak gaan word. Hierdie regulasies sal, onder andere, die bestuur en beheer oor die registrasie, opleiding en gedrag van praktisyns hanteer.

Die administrasie van gesondheidsorg deur tradisionele genesers is baie anders as vir konvensionele Westerse mediese praktisyns. Die vraag is nou tot watter mate dit uit die wyse waarop tradisionele genesers gereguleer word, sal blyk. Dit sal interessant wees om te sien watter standaarde vir kwalifikasie vir registrasie gestel sal word, asook hoe hulle gedrag gereguleer sal word. Daar is rede tot kommer as 'n mens die mate waartoe siekteverlof reeds misbruik word in ag neem, ten spyte van die relatief streng vereistes rondom die registrasie en gedrag van mediese praktisyns wat tans ingevolge die Wet op Gesondheidsberoepe van 1974 (die "WGB") geregistreer is.

Daar is ook die vraag oor of die inhoud van ’n sertifikaat in ooreenstemming met ’n stel etiese reëls voorgeskryf sal word, soos tans die geval is met gesondheidspraktisyns wat ingevolge die WGB geregistreer is. Indien nie, is die potensiaal vir misbruik selfs groter.

Wat moet werkgewers dus doen terwyl hulle wag vir die regulasies om uitgevaardig te word? ’n Werkgewer wat ’n siektesertifikaat, uitgereik deur ’n persoon wat voorgee om ’n geregistreerde tradisionele geneser te wees, ontvang, hoef dit nie te aanvaar as bewys van siekte ingevolge artikel 23 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes nie. Wanneer registrasie egter moontlik word, kan werkgewers daarop aandring dat die sertifikaat ’n registrasienommer spesifiek met die Raad bevat (nie met enige ander geassosieerde liggaam nie). As daar enige twyfel oor die egtheid daarvan bestaan, kan die Raad genader word om dit te bevestig.

Artikel geskryf deur Jan Truter van Labourwise

Labourwise is ’n aanlyn-adviesdiens wat daarop gemik is om werkgewers met die implementering van doeltreffende arbeidsverhoudinge by te staan. Kontak hulle by ***www.labourwise.co.za of info@labourwise.co.za***